

HOE **VROU** IN LEIERSKAP ONS STEREOTIPES UITDAAG

VROUERSKAP

eKERK

Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar



INLEIDING

“If you want something said, give it to a man. If you want something done, give it to a woman.” — Margaret Thatcher

Ons leef in 'n era waar al die grense minder sigbaar word. Of dit nou ekonomiese, politieke of kulturele grense is, dit raak al hoe moeiliker om te onderskei tussen verskillende groeperings. Nêrens is die gebrek aan grense duideliker as in die areas van geslag en stereotipiese rolle tussen mans en vrouens nie.

Dis asof ons deur kulturele strominge meegevoer word na sowel 'n meer homogene as 'n meer gediversifiseerde gemeenskap wanneer dit by die geslagte kom. Alhoewel hierdie situasie tot 'n teruggrype na tradisionele en konserwatiewe benaderings kan lei, hou dit ook unieke geleenthede in vir die plaaslike kerk. Gemeentes en nie-winsgewende organisasies regoor Suid-Afrika word immers gekonfronteer met kwessies soos dié van vroue leierskap, en hoe dit in 'n veranderende wêreld inslag vind.

In hierdie verslag wil ons graag kyk na:

1. Die plaaslike en internasionale faktore wat aanleiding gegee het tot 'n hernude belangstelling in vroue leierskap.
2. Die implikasies hiervan vir plaaslike gemeentes en nie-winsgewende organisasies.
3. Moontlike toepassings asook maniere hoe ons hierdie veranderinge kan navigeer en bestuur.

INTERNASIONALE TENDENSE

Dis nie net op plaaslike terrein waar ons 'n opbloeï in vroue in leierskapsrolle sien nie. Regoor die wêreld is hierdie tendens opmerklik. Dis ook nie 'n verandering wat slegs beperk is tot Westerse of eerstewêreld lande nie — in baie gevalle neem Afrika gemeenskappe en ontwikkelende lande hier die voortou!

Regoor die internasionale pers en media word die boodskap uitbasuin: die regte vroue in strategiese leierskapsrolle is die antwoord vir baie onopgeloste probleme.

In een van haar mees onlangse artikels, *Women and Leadership — ten steps forward for women and men*¹, skryf joernalis Irene Becker die volgende:

“The writing is on the walls of our lives, our communities, our organizations and our world; it is time for women to lead forward. You cannot light a fire with wet wood. The future lies in the hands of those who can empower and enable the best in others. The most important fire we can light is the fire of human potential, and I believe that women have a critical role to play. It is a role that takes courage, resiliency and the ability to stand tall. It is the most important role we can play.”

In die leierskapstydskryf, Forbes, was daar onlangs 'n artikel wat handel oor die toename in vroue in leierskapsrolle, spesifiek vroue in en rondom Afrika.

In die artikel genaamd *The Twenty Youngest Power Women In Africa*², skryf Farai Gundan:

“As Africa continues to rise, so do African women. With the upward economic, social and political trajectory of the continent, a new breed of African women continues to emerge. So much so, that the African Union christened the years 2010 to 2020 as the “African Women’s Decade”.

Gundan se artikel raak ook aan wat hier op plaaslike front aan die gebeur is wanneer sy noem dat:

For the first time in history, the African Union voted an African woman to its helm. Dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, South Africa’s Minister of Home Affairs and a medical doctor, will lead and usher the 54-nation organization into a new era of possibilities for the continent. In her keynote address honoring her as the first female chair of the African Union, Dlamini-Zuma said: “African women make up over fifty percent of the continent, and let’s not forget that they produce the other fifty percent—men.”

Ons sien veral hoe vroue hulle stempel deesdae afdruk in die area van politieke leierskap. Regoor Europa, Afrika, en selfs die Midde-Ooste, is dit die afgelope dekade 'n algemene verskynsel om hoë-profiel vroulike leiers raak te loop — 'n tendens wat nie altyd die geval was nie.

¹ <http://switchandshift.com/women-and-leadership-10-steps-forward-for-women-and-men-part-1>

² <http://www.forbes.com/sites/mfonobongnsehe/2012/12/06/the-20-youngest-power-women-in-africa-2012/>

PLAASLIKE TENDENSE

Soos met alle neigings en tendense, is dit nie net vir ons belangrik wat aan die ander kant van ons grense gebeur nie, maar eintlik is die dinge wat hier op eie bodem aan die gang is, vir ons baie relevant.

Suid-Afrika is in baie opsigte die voorloper wanneer dit kom by die wêreldwye tendens van vroulike leierskap. Hetsy in die areas van sport, kultuur, vermaak, tegnologie of politiek – hier loop ons formidabele vroue raak wat op 'n uniek vroulike manier hulle gemeenskappe begelei.

Die mees ooglopende van hierdie terreine is seker die politiek, waar ons vroulike leiers soos Hele Zille, Patricia de Lille en onlangs ook, Mamphela Ramphela sien, wat die status quo aandurf en noemenswaardige vooruitgang maak op hulle spesifieke terreine van invloed.

Wat die kerk betref: gedurende 2012 en 2013 het ons ook in vele plaaslike gemeentes 'n groot omwenteling gesien in hoe kerkleiers oor vroue in leierskap dink.

Gedurende Oktober 2012 het ds Norma Rossouw dubbele geskiedenis gemaak toe sy nie net op ouderdom 34 as die jongste moderator van 'n streeksinode van die NG Kerk verkies is nie, maar ook as die eerste vrou in hierdie rol. Na aanleiding van hierdie geskiedkundige gebeurtenis het die Beeld as volg berig gelewer³:

3 <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Moderator-eerste-vrou-en-dalk-ook-die-jongste-20121018>

4 <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Vrou-moderator-maak-geskiedenis-20121001>

Anders as 'n vorige geslag vroue wat baie teenstand in die kerk beleef het, sê Rossouw dat sy nog nooit gevoel het daar word teen haar gediskrimineer nie. Sy is opgewonde oor die toekoms van die kerk en oor 'n oorgangsproses in Wes-Transvaal wat die kerk daar op 'n nuwe manier sal laat funksioneer. “Ek glo die Here stap 'n pad met die kerk.”

Binne 'n week na Rossouw se verkiesing het nog 'n dame die rekordboeke gehaal toe sy as die eerste vroulike moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika aangestel is. Ons verwys na Dr Mary-Ann Plaatjies van Huffel wat ook die eerste vrou is wat jare gelede deur die NG Kerk as predikant aangestel is.

In 'n onderhoud met haar het Neels Jackson in die Beeld soos volg geskryf⁴:

“Sy is die eerste vrou wat so 'n posisie in een van die groot Suider-Afrikaanse kerke beklee. Sy het by navraag gesê dis nie net vir haarself wat sy die posisie beklee nie, maar ook vir soveel vroue wat nie eens predikante kon word nie. Sy besef haar verkiesing is loutere genade. Plaatjies van Huffel is verkies in 'n domein wat deur mans oorheers word en sy weet hoe moeilik dit vir 'n vrou is om daar te werk. Sy is self gekant daarteen dat vroue bloot as simbole in posisies verkies word.”

Dit is nie net op politieke en kerklike terrein waar vroue deesdae hul stempel sterk afdruk nie; ook in die kleinhandel word die ontluikende rol van die vroue op interessante maniere raakgesien en erken. In Mr Price Home kan jy deesdae byvoorbeeld 'n gereedskapstel koop wat spesifiek vir vroue ontwerp, gemaak en bemark word!

Dit is dus duidelik dat nie net op internasionale vlak nie, maar ook plaaslik, is daar 'n duidelike tendens te bespeur is van vroue wat in posisies en areas inbeweeg wat tradisioneel deur mans oorheers was. Boonop is hulle in staat om dit in baie opsigte dit te bemeester, en selfs beter te vaar as hulle manlike voorgangers. Gevolglik moet ons onself die vraag afvra – wat het aanleiding gegee tot hierdie veranderinge, en watter faktore speel 'n rol om ons persepsies en houdings hieromtrent te beïnvloed?

Gevolglik moet ons
onself die vraag
afvra — **wat het
aanleiding gegee**
tot hierdie
veranderinge, en
**watter faktore
speel 'n rol** om
ons persepsies en
houdings
hieromtrent te
beïnvloed?



OORSAKE

Daar is baie dinge wat kon aanleiding gee tot die feit dat vroulike leiers tot bo gestyg het. In hierdie verband sou ons kon kers opsteek by 'n paar vorige ekerk tendens verslae wat dui op 'n vinnig veranderende wêreld op alle terreine — hetsy in die areas van tegnologie, kultuur, sport, ekonomie of politiek. Orals sien ons 'n totaal en al ander wêreld as selfs net tien jaar gelede.

Die wêreld waarbinne ons vandag leef (sien vorige ekerk tendens verslae oor 'n verskeidenheid van onderwerpe by www.ekerk.org) is:

1. Nie ingeperk deur geografiese en lineêre tydsgrense nie.
2. Gekenmerk deur konstante verandering sonder enige tussenposes om sodanige verandering te prosesseer.
3. Geskep en gevorm deur sowel globale tendense as plaaslike kontekste.
4. Virtueel, verspreid en permanent gekonnekteerd.
5. Meer homogeen as ooit, maar tegelykertyd meer individualisties ingestel as ooit - mense leef in die ekstreme van hulle eie self-uitdrukking.

Daar is nog baie dinge wat ons sou kon noem, maar op die ou end leef ons in 'n wêreld wat net nie meer geneë is om hulleself te onderwerp aan 'n 'command-and-control' tipe leierskapstyl of leefstyl nie. Jong professionele mense van vandag het reeds toegang tot al die antwoorde en die beste hulpbronne — hulle het meer as dit nodig.

DIE WÊRELD IS HONGER VIR OMGEE!

Daardie tipe leiers wat op 'n intuïtiewe manier kan sorg en omgee is diegene wat die wêreld tans kan lei soos wat die wêreld gelei wil word. Die beste kenmerke van ontluikende leiers is hulle vermoë om eerstens hulleself te lei; vir ander om te gee; emosioneel intelligent op te tree, en die roetes van tegnologie en digitaliteit soomloos te navigeer.

Algemeen gesproke, pas 'n nuwe leierskapstyl vir 'n veranderende wêreld baie goed aan by die natuurlike manier, vermoëns en behoeftes van vroue. Dis asof die dames 'n ingebore aanleg het om hierdie kultuur van flux (of vloebaarheid) op 'n sagte manier te omvorm, sonder om hulle geloofsoortuiging of waardes prys te gee.

Vroue klim nie die leierskapsleertjie bloot net omdat ons deur 'n dogmatiese of politieke oortuigings geforseer is om kwotastelsels te implimenteer nie. Hierdie tendens is ook nie die resultaat van 'n nuwe bewustheid van geslagsgelykheid en -regte nie. Dit is veel eerder 'n blote uitvloeisel van 'n wêreld wat stadig maar seker besig is om te herontdek wat dit beteken om gebroke te wees, vir ander om te gee, en as ware mense te leef.

TOEPASSINGS VIR DIE KERK

Ons kan maklik verval in 'n tipe kwota benadering wanneer dit kom by die kwessies van manlike en vroulike leierskap. Dit is egter nie die doel van hierdie studie nie. Ons doel is nie soseer om ewe veel manlike en vroulike gesigte om die tafel te sien nie, maar eerder om 'n leierskap styl aan te kweek wat nie net effektief is in 'n veranderende wêreld nie, maar wat ook in lyn is met ons diepste geestelike oortuigings. Die kerk kan nie oorweldig word deur 'n geslagsgelykheid debat ten koste van effektiewe en lewensveranderende leierskap nie.

Hier is egter 'n paar dinge wat ons in en om ons plaaslike gemeentes kan doen wat ons kan help om beter voorlopers te wees vir diegene wat na ons opkyk vir geestelike begeleiding.

1. Gee vroulike stemme 'n platform

Ons moet seker maak ons geloofsgemeenskappe word genoegsaam bedien deur vroulike stemme, hetsy in leierskap posisies, of nie. Ons moet meer geleentheid skep vir vir opinies wat deur omgee, kwesbaarheid, nederigheid en 'n gewilligheid om verkeerd bewys te word gekenmerk word.

2. Ontwikkel alle tipes leiers

Raak ontslae van enige Stereotipes of vooropgestelde idees wanneer dit kom by die identifisering van toekomstige leiers. Leierskapstyle verskil drasties van mekaar, en ons ewig-diversifiserende wêreld vereis 'n diverse leierskorps.

3. Heroorweeg die doel van geestelike leierskap


Dit is 'n goeie idee om met die leierskorps te gesels oor die waarom en hoekom van ons plaaslike gemeentes se geestelike leierskap. Wat is ons doel? Hoe bereik ons dit? Hoe meet ons die sukses van leierskap? Maak ook seker om die gemeente se insette hier te kry.

4. Investeer in jong leiers

'n Nuwe generasie leiers doen intuïtief wat baie van ons wat reeds jare in kerklike leiersposisies staan hard probeer om aan te leer. Nooi ontluikende leiers van beide geslagte in die gemeente se leierskaps gesprekke in. Oorweeg hulle opinies, implementeer hulle idees, en deel die publieke platform gereeld met hulle.

5. Wees betrokke in gemeenskapsleierskap

Ons gemeenskappe buite die mure van die kerk is ons sendingveld. Hierdie gemeenskapsforums sukkel baie keer met presies dieselfde leierskapsuitdagings as gemeentes. Raak betrokke, wees op hoogte van die nuutste plaaslike tendense en probleme. Gee raad waar toepaslik, en leer soveel as moontlik.

A black and white photograph of Ronald Reagan. He is shown from the chest up, wearing a dark suit jacket, a white dress shirt, and a dark tie. He has a serious expression and is pointing his right index finger directly at the viewer. The background is a plain, light-colored wall.

Ons gemeenskappe
buite die mure van die
kerk is ons sendingveld.

Hierdie
gemeenskapsforums
sukkel baie keer met
presies dieselfde
leierskapsuitdagings as
gemeentes. Raak
betrokke, wees op
hoogte van die nuutste
plaaslike tendense en
probleme. Gee raad
waar toepaslik, en leer
soveel as moontlik.

TEN SLOTTE

Dit is ons gebed dat nie net plaaslike gemeentes nie, maar ons hele land, gekenmerk sal word deur leiers wat lief is vir mense; die vermoë het om vir ander om te gee; wat op 'n emosionele vlak met individue en groepe kan konnekteer, en wat meer as alles, hulle laat lei deur die sagte stem van die Heilige Gees.

Dis 'n versorgende leierskapstyl eerder as 'n bevelende een wat, oor die algemeen, meer natuurlik kom vir vroue, maar wat met net soveel sukses deur mans toegepas kan word.

Sluit by ons aan om die leiers, gemeentes en mense van ons land te lei op 'n geestelike pad — nader na God se hart toe.

MEER OOR EKERK NAVORSING

Ekerk het ten doel om leiers van kerke, nie-winsgewende organisasies en besighede te help om 'n groter impak in die koninkryk te maak. Deur middel van navorsing, opnames, publikasies en seminare, fasiliteer ons leer- en ervaringsgeleenthede waar leiers versigtig kan luister na die wêreld waarin hulle leef, vinnig kan leer hoe om hulle impak te vergroot, en uiteindelik hulleself en hulle organisasies kan begelei om voluit te leef.

Om deel te word hiervan kan jy:

1. [Meer gaan lees op die ekerk webblad.](#)
2. [Inskryf op die maandelikse ekerk navorsing nuusbrief.](#)
3. [Die nuutste tendens verslae gratis aflaai.](#)

As jy meer betrokke wil raak, of as jy enige vrae of voorstelle het, kan jy direk vir Mynhardt kontak by mynhardt@ekerk.org, of by 082.853.6483.

© Ekerk Vereniging 2013

Saamgestel deur Pierre Engelbrecht, Stephan Joubert & Mynhardt van Pletsen.

Vir meer inligting oor Ekerk Navorsing, besoek gerus www.ekerk.org. Om hierdie inhoud in seminaar vorm te laat aanbied, kontak gerus vir pierre@ekerk.org.

Dankie dat jy gelees het!

